HOËRSKOOL LABORI
NUUSBRIEF

EERSTE KWARTAAL 2020

Beste Labori-ouers

Die eerste kwartaal van 2020 is al weer iets van die verlede. Die jaar het weer eens teen ’n geweldige vinnige tempo afgeskop met baie aktiwiteite vir al ons leerkragte en leerlinge. Ons nuwe leerlinge is al goed ingeburger by die Viking-familie. Ek doen weer ’n beroep op u as ouers om toe te sien dat u kind betrokke raak by die skool se bedrywighede.
Hoogtepunte van die afgelope kwartaal sluit die volgende in: Die graad 8-Atletiekbyeenkoms, OOV-Ken-Mekaar-Braai, Interhuisatletiek, Valentynsdagsokkie, Somer Interskole, Poedingaand en natuurlik ons baie geslaagde Opedag op 26 Februarie. Dankie aan al die personeellede en ouers wat by al hierdie aktiwiteite betrokke was.
Aangeheg vind asb. net weer die Verklaring, soos uitgereik t.o.v. Covid-19. Tot op hede is nog geen verdere inligting hieroor ontvang vanaf die WKOD.

FINANSIES
Die skool se begroting kan slegs klop as alle ouers hul verpligtinge t.o.v. skoolfonds en koshuisgelde nakom. Die begroting is verlede jaar op ’n ouervergadering goedgekeur en ons kan slegs voortgaan om gehalte onderrig en ’n verskeidenheid van aktiwiteite aan te bied, indien hierdie gelde gereeld betaal word. Ouers is ingelig aangaande die prosedure en voorskrifte wat gevolg moet word wanneer aansoek gedoen word om afslag. Enige ouer wat nie op die korrekte wyse aansoek doen of wat nie kwalifiseer vir afslag nie, is wettiglik aanspreeklik vir uitstaande skool- en koshuisgelde. Indien hierdie verpligtinge nie nagekom word nie, sal ons genoodsaak wees om sulke uitstaande skulde vir invordering te oorhandig. Ons doen ’n spesiale beroep op selfs daardie ouers wat kwalifiseer vir gedeeltelike of volle vrystelling om te probeer om ’n bydrae te maak tot u kind se opvoeding. Daar is baie leerlinge wat beskik oor die beste selfone, modieuse klere en te veel sakgeld en dan maak só ’n ouerhuis geen bydrae tot hul kind se akademie en opvoeding nie. Hul verwag dan dat ander ouers hul kind moet subsidieer. Dit is te verstane dat so ’n situasie nie vir betalende ouers aanvaarbaar is nie.

LEERDERAFWESIGHEID
Volgens departementele beleid word ’n leerling wat vir langer as tien dae aaneenlopend afwesig is, sonder grondige mediese redes, beskou asof hy/sy die skool verlaat het. So ’n leerling sal dan outomaties gederegistreer word en sal moet heraansoek doen indien hy/sy weer ’n skool wil bywoon. Ons wil verder ‘n beroep doen op ons ouers om voor 09:00 soggens die skool in kennis te stel indien u kind afwesig gaan wees. Dit sal verhoed dat u ‘n sms vanaf die skool ontvang om u in kennis te stel dat u kind sonder ‘n rede afwesig is. Indien leerders afwesig is op ‘n dag wat daar toets geskryf word, moet u ‘n geldige mediese sertifikaat of brief van die dokter as bewys van siekte indien. Dit is die léérder se verantwoordelikheid om reëlings met die betrokke onderwyser/s te tref vir die skryf van toetse, sowel as inhaal van werk.

AKADEMIE
Die skep van ’n akademiese klimaat is vir die personeel van Labori ’n saak van prioriteit. Daar is ongelukkig te veel leerlinge wat dit moeilik maak om sodanige atmosfeer in die klasse te kan handhaaf, deurdat hulle nie die nodige erns en toewyding ten opsigte van hul skoolwerk aan die dag lê nie. Sulke leerlinge is gevolglik ’n steurnis in die klas en benadeel ander leerlinge wat wil werk. Dit is belangrik dat u as ouers sal saamwerk met die personeel en ons sal ondersteun in ons onderrigtaak en die dissiplinering van die leerlinge. Dit gebeur te veel dat ouers personeellede verkwalik wanneer kinders gedissiplineer word. Dit is elke ouer se verantwoordelikheid om seker te maak dat u kind ‘n tuiswerkboek het en te kontroleer of tuiswerk elke dag neergeskryf word. Die nie-doen van huiswerk, is ‘n groot bron van kommer. Daar is te veel leerlinge wat belangrike onderrigtyd verloor deur te maklik by die huis te bly wanneer hulle nie goed voel nie of as gevolg

van dokters-, tandarts- en lisensie-afsprake wat gedurende skooltyd gemaak word. Afsprake moet sover moontlik buite skooltyd gemaak word. Indien u as ouer nie daadwerklik en ferm begin optree nie, sal kosbare tyd en geld vermors word. Duidelike voorskrifte ten opsigte van studietye en vryetydsbesteding is van kardinale belang ten einde sukses op skool te verseker. Hulpklasse word in alle vakke aangebied.

Baie geluk aan elke leerling wat volgens sy/haar potensiaal presteer het en dit vir die personeel 'n plesier maak om hul dagtaak te verrig.

Ons toppresteerders vir die kwartaal is:

Graad 8		**%**	**Graad 9**		**%**	**Graad 10**		**%**
1	Karen Kellerman	83.9	1	Heinrich Lategan	87.9	1	Chelsea Julius	90
2	Rudolph Mans	82.3	2	Lisa Matar	87.1	2	PG Vosloo	88.1
3	Gerbrand Mans	80.2	3	Annebelle Boonzaaier	86.2	3	Jaddon Potgieter	87
4	Kayla Coetzee	78.1	4	Migael Scheepers	83.4	4	Anke Louw	83.9
5	Karla Basson	76.8	5	Kael Fourie	83.2	4	Keasha Noudt	82.4
6	Ruan Williams	76.2	6	Gabrielle Hugo	83.1	6	Ruaan Hartzenberg	82
7	Zinedene Smith	75.9	7	Sheneill Jackson	81.2	7	Hadassah Pedro	81.9
8	Zax Jacobs	75.3	8	Jean Pierre Rossouw	80	7	Jani de Kock	80,6
9	Nickle Koch	74.8	9	Juan van Gruening	78.4	9	Arsene Adams	80.3
9	Adon Van Wyk	74.8	9	Pieter Theo Young	78.4	9	Chris van Eeden	80.3

Graad 11		**%**	**Graad 12**		**%**
1	Dawid Oosthuizen	83.7	1	Fabian Lötter	94.1
2	Michelé Beukes	82.1	2	Tinus de Bruyn	90
3	Andries Venter	81.3	3	Pieter van Renen	88.9
4	Meché Daniels	80.6	4	Paul Joubert	88.6
5	Joshua Bothma	77.9	5	Marco de Villier	88.4
6	Danelle Steyn	77.3	6	Jean-Pierre du Toit	83.4
7	Wihan Erasmus	75.7	7	Ian Mouton	82
8	Luan Bekker	75.6	8	Leandré Coetzee	81.3
9	Danae Verster	75	9	Adrian Whitehead	78.1
10	Chris Kock	74.4	10	Gerhard Grobler	77

SA WISKUNDE OLIMPIADE

Die eerste rondte van die SA Wiskunde Olimpiade is geskryf op 12 Maart. 18 Leerders van Gr 8 – Gr 12 het deelgeneem. Elf van hierdie leerders is deur na die tweede rondte van die SAWO Olimpiade, wat geskryf sal word op 14 Mei 2020. Baie geluk aan die volgende leerders:

GRAAD 9: Ruan Gericke, Heinrich Lategan en Migael Scheepers
GRAAD 10: Keasha Noudt, Armand Els, Arsene Adams en Jaddon Potgieter
GRAAD 11: Esri Malan
GRAAD 12: Ian Mouton, Paul Joubert en Tinus de Bruyn

DISSIPLINE
Dit is met groot dankbaarheid dat ons kan getuig dat ons skool se dissipline oor die algemeen, op ‘n goeie peil is. Die rede hiervoor is onder andere dat ons personeel deurlopend teen oortreders optree, terwyl ons ouers ons ook oor die algemeen goed ondersteun! Wat egter hartseer is, is dat daar steeds soveel tuiswerk- en akademiese oortredings is. Ons doen weer ‘n beroep op die ouers van leerders wat weekliks detensie sit a.g.v. hierdie tipe oortredings, om toe te sien dat tuiswerk gedoen word.

Maak asseblief ook 100% seker, dat u kind ná die vakansie, wat betref fisiese voorkoms, terugkeer soos ons skool se gedragskode voorskryf. **Dit is onverskoonbaar dat daar aan die begin van elke kwartaal ouers is wat toelaat dat kinders skool toe kom met bv. onaanvaarbare haarstyle!**

KLEREDRAG
Leerlinge in hul skooldrag is ’n skool se grootste advertensie en ons doen ’n beroep op u as ouers om toe te sien dat u kind ten alle tye netjies en korrek geklee sal wees. Ons sal vir die eerste twee weke van volgende kwartaal beide somer- of wintersdrag toelaat. (Let wel ’n leerling dra òf somers- òf wintersdrag, nie ’n mengsel van die twee nie.) Die skooltrui mag slegs onder die skoolbaadjie gedra word en nie daarsonder nie. Veral die ouers van koshuisleerlinge moet toesien dat hul kinders se wintersdrag betyds gereed is. Die skoolbaadjie is verpligtend en die skoolreënbaadjie is opsioneel. Beide baadjies is by De Jagers beskikbaar. Die skoolreënbaadjie mag slegs gedra word indien leerders ook ‘n skoolbaadjie aanhet.

Die lengte van party van ons dogters se rompe bly ‘n probleem. U het alreeds verskeie skrywes in dié verband ontvang. Die kort rompe is ‘n verleentheid, veral as die dogters die trappe opstap, op die verhoog in die saal verskyn en ook die manier waarop dogters in die klaskamers sit. Enige dogter wie se romp vanaf die eerste dag van volgende kwartaal nie aan die lengte van 15cm bo die knie wanneer sy kniel, voldoen nie sal strafpunte kry en ’n Vrydagdetensie sit vir elke keer wat die romp nie aan die korrekte lengte voldoen nie. Ons vra regtig u as ouers se samewerking in hierdie verband, want ons glo dat u ook nie wil hê dat u dogter op ‘n verkeerde manier aandag trek nie.

SKOOLTASSE
Alle leerlinge moet die voorgeskrewe Labori-skooltas gebruik. U as ouer het duur betaal vir hierdie tasse en moet toesien dat die leerlinge dit gebruik. Dié tasse beskerm die handboeke (‘n leerling se boeke kos ± R2000 per leerling) en skep ‘n netjiese en uniforme beeld van die skool.

Die bont en “volgekrapte” sakke wat sommige van die leerlinge dra skep ‘n slordige prentjie van die skool. Nuwe tasse is by die finansiële kantoor teen R300 elk te koop. Dit is tog logies dat geen tas vir vyf jaar kan hou nie en daarom moet die tas wat in gr. 8 uitgereik is, indien nodig, self vervang word.

SMS-BOODSKAPPE
Die kommunikasie met ouers deur middel van die sms-stelsel werk baie goed en ons wil net ons ouers herinner daaraan om voortdurend hul inligting op datum te hou, sodat boodskappe die regte persone bereik. Daar is alreeds verskeie sms-boodskappe hierdie jaar gestuur, indien u nog nie een ontvang het nie, kontak asb. die kantoor onverwyld. ***Daar is baie gevalle waar ouers se werk- of kontaknommers verander het en ons nie ingelig word van die verandering nie. Daar was al noodsituasies waar ons nie die ouers onmiddellik kon bereik nie***. Ek wil veral vra dat ouers moet reageer op afwesigheidsboodskappe. Antwoorde of reaksies kan per epos gestuur word na ontvangs@hslabori.co.za Indien enige van u besonderhede, bv. telnr., e-pos of adres verander het, stuur asb. ‘n e-pos aan die skool met die nuwe besonderhede.

SCHOOL COMMUNICATOR & LABORI FACEBOOK BLAD
Ten einde kostes te bespaar maak ons al hoe meer gebruik maak van hierdie kanale om inligting aan ons ouers deur te gee. Gaan ‘like’ asb. ons Facebook blad. Indien u nog nie *School Communicator* program afgelaai het nie, kan u op die volgende *hyperlink* kliek. Volg die nodige stappe: http://www.school-communicator.com/downloads. Die program kan ook op u selfoon afgelaai word. Die link hiervoor is: http://schoolcommunicator.mobi/ (druk ctrl + klik) – Kies Hoërskool Labori Paarl. Indien u probleme met die aflaai van die programme of enige ander tegniese probleme ondervind, kontak asb. die volgende: “***School Communicator support team” by*** *support@school-communicator.com* ***of skakel 0860 22 11 36.***

MATRIEKAFSKEID

Die Matriekafskeid vind vanjaar op 15 September 2020 te Kronenburg plaas. Die gr. 12's moet hulle solank finansieël voorberei om einde April, Mei en Julie alle gelde vir vanjaar se matriekafskeid te betaal. Wanneer dit afgehandel is, stuur ons die uitnodigings uit, finaliseer ons ons beplanning en kan julle begin uitsien na 'n onvergeetlike aand wat vir julle voorlê. Ons herinner dus die gr. 12's dat die totale bedrag voor einde Julie betaal moet word.

VRL POEDINGAAND

Graag bedank ons weer elke rolspeler wat die jaarlikse poedingaand vir ons gehelp het om van die poedingaand 'n sukses te maak. Elke persoon wat 'n donasie gegee het,bestandele geskenk het,of gehelp het die aand of selfs 'n poeding gebring het. Sonder die ouers se bydraes kan ons nie so 'n aand laat realiseer nie. Die jaar se poedingaand was deur sowat 550 poeding-entoesiaste bygewoon.

Die poedingaand lewer dan weer 'n wins van nagenoeg R16 000, wat ons as VRL terugploeg na die skool toe. Die afgelope klompie jaar het ons o.a geld bewillig vir die opknapping van die badkamers by die skool, sowel as die bou van 'n telbord by Bethel. Ons ondersteun ook verskeie instansies finansieël en help ook met opheffings werk by Wagenmakersvallei Primêr. *Mnr. H, Dreyer en me. E. H. Redelinghuys (VRL – Skakelonderwysers)*

O/14 KRIEKET

Die o/14 Krieketspan het 'n baie suksesvolle seisoen beleef. Ons het 4 wedstryde die kwartaal gespeel en al 4 gewen. Onoorwonne, baie geluk manne!

Ons eerste wedstryd was teen Hoërskool Hottentots Holland. Hulle kolf eerste en teken slegs 51 lopies aan. Beste bouler was Joshua Giempies met 5 paaltjies vir 0 lopies in 3 beurte! Ongelooflik. Ons wen dus die wedstryd met 8 paaltjies. Tweede wedstryd was teen Boland Landbou, hulle kolf eerste en teken 81 lopies aan in hul 20 beurte. Ons kolf en gaan die telling verby met slegs 4 paaltjies plat. ons beste kolwer was Xavier Bothma met 28*. Derde wedstryd was teen Hoërskool Strand en hier het ons hulle kusgeboul. Hulle teken slegs 12 lopies aan almal uit. Al die boulers het baie goed geboul daardie dag. Ons gaan kolf en teken die lopies in die 3 de beurt aan en wen dus die wedstryd met 10 paaltjies.

Laaste was dit tyd vir Interskole 2020 teen die Bossies by die Bossies. Labori kolf eerste en teken 'n totaal van 183 lopies aan vir die verlies van 5 paaltjies in ons toegelate 25 beurte. Bosmansdam slaag egter daarin om net 100 lopies aan te teken in hul toegelate 25 beurte vir die verlies van 7 paaltjies. Dus wen ons Interskole met 83 lopies. Beste Kolwer op hierdie fdag was Jayden Pekeur met 50 lopies en Leo De Wet met 46 lopies. Baie geluk manne – Mnr Pfister (Afrigter)

O/19A-KRIEKET

So kom die krieketseisoen tot 'n einde. Die O/19A-Krieketspan het in die 2019-20 seisoen 8 wedstryde gespeel. In 2019 in die 4de kwartaal het ons slegs een wedstryd gespeel waar ons vir Paarl Boys High se O/19C-Span gewen het. In hierdie kwartaal het ons 7 wedstryde gespeel waar ons oorwinnings behaal het teen Montana, Klein Nederburg, Bridgehouse & Stellenbosch. Ons het tydens die seisoen 3 wedstryde verloor. Op Saterdag 29 Februarie het die groot Interskole wedstryd teen Bosmansdam plaasgevind. Ongelukkig was dit nie ons dag nie & Bosmansdam het die wedstryd gewen. Ons wil graag alle ondersteuners bedank vir die ondersteuning deur die seisoen. Ons wil ook ons borg Novel Ford Paarl bedank vir vertroue om die span te ondersteun vir die afgelope 5 seisoene. Dankie aan elke speler wat Saterdae die skool se naam met trots verteenwoordig het. Dankie aan ons 2 matrieks vir julle bydrae aan die span en Labori se krieket. Ons sien uit na die volgende krieketseisoen. Mnre. Kershoff & N le Roux

VCSV

Ons jaar het afgeskop met 'n kringleierskamp te Kleinmond die heel eerste naweek van die kwartaal wat deur 7 van ons leerders bygewoon is. Die heerlike afkoel na 'n versengende eerste week - mis en ligte reën – was wonderlik en geestelik het dit gekook. Ons dank aan die VCSV Hoofkantoor wat hierdie kamp gereël het en verskeie skole byeengebring het.

Tydens die bestuursvergadering en kringleierspiekniek is beplan vir die kwartaal en ons kringleiers het regtig 'n familie geword wat vir mekaar omgee en mekaar ondersteun. Kringe is effe groot (gemiddeld 12 per kring) en ons is dankbaar vir Derrick, Bernadette en Paul wat van buite inkom om elk 'n kring te lei.

Bid asb. vir ons skool en sy leerders. Bid dat ons elkeen ons afhanklikheid van God opnuut sal erken en tyd maak om stil te raak by Hom. *In times like these, we need a Saviour … an Anchor … that grips the Solid Rock.*

TENNIS

Die jaar het afgeskop met ‘n vriendskaplike wedstryd teen ‘n gedugte span van Augsburg Gimnasium (Clanwilliam). Ons het eers die Vrydagaand saamgekuier voor ons hulle die Saterdag gepak het. Dankie aan die Smit-ouers wat voorgevat het en gesorg het vir kouewater en iets te ete.

Ons het weer eens die Paarl se somerhitte aangedurf: Maandae wedstryde gespeel en Dinsdae tot Donderdae geoefen. Heelwat leerders kom sporadies speel, maar slegs ‘n handvol oefen gereeld en pluk die vrugte daarvan. Ouers moet asb. ons hande sterk deur kinders te motiveer om ook vir hul somersporte voluit te gaan en gedissiplineerd te oefen. Wintersporte moet tweede viool speel tydens die somerkwartale. Groot dank aan “coach” Derrick Davids vir sy motiverende rol asook goeie afrigting.

Tennis bied aan kinders die geleentheid om ‘n sport te beoefen waarmee hulle nog vir jare kan voortgaan. Dit bied ook die geleentheid aan leerders - van gr. 8 tot 12 - om mekaar op die sportveld te leer ken en waardeer. Dankie aan elkeen wat bydra tot die goeie gees onder spelers. Ons wens ons matrieks voorspoed toe en sê spesiaal dankie aan Stephan Nel wat ‘n puik voorbeeld gestel het as ons nr. 1 en menige teenstaander laat les opsê het.

WINTERSPORT VOORLOPIGE OEFENTYE – 2DE KWARTAAL 2020

RUGBY	MAANDAG	DINSDAG	WOENSDAG	DONDERDAG
O/15A & B	15:15 – 16:15		15:15 – 16:15	
0/16A	15:15 – 16:15	15:15 – 16:15		15:15 – 16:15
O/19C	16:00 – 17:00		16:00 – 17:00	
O/19B		15:15 – 16:15		15:15 – 16:15
0/19A	15:30 – 17:00	15:30 – 17:00		15:30 – 17:00

NETBAL	MAANDAG	DINSDAG	WOENSDAG	DONDERDAG
O/14	15:30 – 16:30		15:30 – 16:30	15:30 – 16:30
O/15	15:30 – 16:30		15:30 – 16:30	15:30 – 16:30
O/16	15:30 – 16:30		15:30 – 16:30	15:30 – 16:30
O/17B en O/19B	15:30 – 16:30		15:30 – 16:30	15:30 – 16:30
O/17A en O/19A	15:30 – 17:00		15:30 – 17:00	15:30 – 17:00

HOKKIE	MAANDAG	DINSDAG	WOENSDAG	DONDERDAG
O/16 & O/19A	15:30 – 16:30		15:30 – 17:00	
O/14 & O/16 SEUNS		15:15 – 16:15		15:15 – 16:15
O/19B SEUNS	16:00 – 17:30	16:00 – 17:30		16:00 – 17:30
O/19A SEUNS	16:00 – 17:30	16:00 – 17:30		16:00 – 17:30

2DE SKOOLKWARTAAL – 31 Maart – 12 Junie 2020

Tuisnaweke: 30 April – 03 Mei

Vakansiedae: 10 April – Goeie Vrydag
13 April - Gesinsdag
27 April - Vryheidsdag
1 Mei – Werkersdag

Vriendelike groete

J BATT
SKOOLHOOF

Hoërskool Labori High School

Gimnasiumstraat / Gymnasium Street
Privaatsak / Private Bag X3013
PAARL
7620

Tel (021) 872 8293 / 872 2042
Faks / Fax (021) 872 7810
E-pos / E-mail root@hslabori.co.za
Web www.hslabori.co.za

Liewe Ouers

Na aanleiding van die President, Mnr Cyril Ramaphosa en die Minister van Onderwys, Me. Angie Motshekga se aankondigings rakende die Corona-virus (Covid-19), is die volgende reëlings met onmiddellike effek van toepassing by Hoërskool Labori.

1. Die skool sluit Dinsdag, 17 Maart 2020 om 11:00 en heropen weer op Dinsdag, 14 April 2020 om 07:40.

2. Rapporte sal Dinsdag aan dié leerlinge wat teenwoordig is, oorhandig word.

3. Alle Sport- en kultuurbyeenkomste tot en met wanneer die skole weer heropen, is afgestel. Dit sluit vandag se oefeninge in. Die terugbetaling van gelde vir toernooie wat afgestel is, sal vroeg volgende kwartaal afgehandel word. Die rede is dat baie gelde reeds vanaf die skool oorbetaal is en dit moet nou teruggeeïs word.

4. Maatreëls en die hantering van die akademiese materiaal sal weldra deur dieselfde media (School Communicator) met ouers gekommunikeer word. Dit kan insluit ekstra werksopdragte, leeswerk en oefeninge wat leerlinge in hierdie verlengde vakansie aandag aan moet gee.

5. Daar word voorsien dat die dae wat verlore raak ingehaal sal word deur o.a. die Junie vakansie, wat vyf dae korter sal wees en die September vakansie wat drie dae korter sal wees. Daar sal ook moontlik ekstra klasse, na afloop van normale skooldae in seker vakke moet wees.

6. Indien u terugkeer van een van die hoë risiko-bestemmings, is ons vriendelike versoek dat u uself en u kind(ers) onmiddellik moet laat toets en in self-isolasie plaas, totdat u mediese goedkeuring kan kry.

Ons hoop as ‘n Labori-famile, dat hierdie reëlings aanvaarbaar is vir almal, aangesien ons glo dat dit in die beste belang van ons kinders is.

Dankie vir u samewerking en ondersteuning met hierdie krisis.

Labori Groete

J Batt
SKOOLHOOF EN BEHEERLIGGAAM

16 Maart 2020